Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# BESTUUR: BOERDERY N5

(4090555)

**28 September 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

111Q1B2028

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUUR: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 1

1.1 Verduidelik DRIE verwagte sosiale en politieke veranderinge wat Suid-Afrikaanse boere mooontlike in die toekoms mag beïnvloed. (9)

1.2 Noem en bespreek VIER stappe wat gevolg moet word wanneer entrepreneurskap bevorder en ontwikkel word. (4 × 3) (12)

1.3 Gee VIER redes waarom entrepreneurskap in landbou belangrik is en verduidelik elke rede. (12)

1.4 Teken 'n benoemde diagram van die DRIE dimensies van entrepreneurs-aktiwiteite. (3 × 2) (6)

1.5 Noem EEN benadering van entrepreneurskap. (1)
**[40]**

## VRAAG 2

2.1 Vergelyk VENNOOTSKAPPE en BESLOTE KORPORASIES ten opsigte van die volgende kriteria. Kopieer en voltooi die tabel in die ANTWOORDBOEK.

2.1.1 Aantal lede

2.1.2 Kontinuïteit

2.1.3 Aanspreeklikhied vir skuld

2.1.4 Belastingverpligtinge

2.1.5 Winsdeling

| | VENNOOTSKAPPE | BESLOTE KORPORASIES |
|---|---|---|
| 2.1.1 | | |
| 2.1.2 | | |
| 2.1.3 | | |
| 2.1.4 | | |
| 2.1.5 | | |

(5 × 2) (10)

2.2 Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot 'n eenmansaak:

2.2.1 Definieer die term *eenmansaak*. (2)

2.2.2 Noem VIER voordele daarvan om 'n eenmansaak te wees. (4 × 2) (8)

2.2.3 Noem VIER nadele daarvan om 'n eenmansaak te wees. (4 × 2) (8)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.3 Beantwoord die volgende vrae met verwysing na 'n vennootskap:

2.3.1 Definieer die term *vennootskap*. (2)

2.3.2 Noem DRIE vereistes wat 'n vennootskapsooreenkoms van ander kontrakte onderskei. (3 × 2) (6)

2.3.3 Verduidelik die belastingverpligtinge van 'n vennootskap. (2 × 2) (4)
**[40]**

## VRAAG 3

3.1 Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot die keuse van gewasverdeling:

3.1.1 Noem VYF faktore wat die winsgewendheid van 'n gewasvertakking beïnvloed. (5)

3.1.2 Noem VYF grondkenmerke wat in die gewasinventaris ingesluit behoort te word. (5)

3.1.3 Noem VYF tipes inligting wat 'n rol in gewasverdeling speel wat in die oorsig van 'n plaas ingesluit behoort te word. (5)

3.2 Die mate waartoe die omgewing die boerdery beïnvloed hang grootliks van die tipe boedery en die boer se doelwitte af.

3.2.1 Verduidelik kortliks waarom omgewingsontleding oorweeg moet word wanneer strategiese beplanning gedoen word. (5 × 2) (10)

3.2.2 Noem en verduidelik kortliks VIER eksterne faktore wat by die opstel van 'n strategiese plan oorweeg moet word. (4 × 3) (12)

3.2.3 Noem DRIE ekonomiese beïnvloeders wat die produksieproses in Suid-Afrika beïnvloed. (3)
**[40]**

## VRAAG 4

4.1 Definieer die volgende terme:

4.1.1 Testate erfopvolging

4.1.2 Legataris

4.1.3 Kodisil

4.1.4 Erfgenaam

4.1.5 Substitusie

(5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


4.2 'n Testament is 'n geskrewe dokument wat eensydig opgestel is waarin die presiese bepalings gestel word van die manier waarop 'n testateur se aardse besitting na sy/haar dood hanteer moet word.

4.2.1 Noem die riglyne vir die opstel van 'n praktiese en doeltreffende testament. (8)

4.2.2 Verduidelik die vereistes van 'n effektiewe, wettige testament kortliks. (10)

4.2.3 Noem VYF dokumente wat binne 14 dae na 'n persoon se dood by die landdroskantoor ingedien moet word. (5)

4.3 Noem VYF persone wat as 'n administrateur van 'n trust mag optree. (5)

4.4 Definieer die term *trust*. (2)
**[40]**

**VRAAG 5**

5.1 Veruidelik die volgende versekeringsterme kortliks:

5.1.1 Korttermynversekering (5 × 2) (10)

5.1.2 Langtermynversekering (5 × 2) (10)

5.2 Noem VIER vrae wat gevra moet word om die omvang en koste van korttermynversekering te bepaal. (4)

5.3 Verduidelik omvattende versekeringsdekking kortliks. (3 × 2) (6)

5.4 Beantwoord die volgende vrae aangaande oesversekering:

5.4.1 Wat word gedek? (3)

5.4.2 Wat word nie gedek nie? (3)

5.4.3 Hoe word die premies bepaal en bereken? (4)
**[40]**

**TOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou